



Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang  
(uiters 100 woorde)

Nuus, berigte en kort kommentaar  
(uiters 100 woorde)  
aan  
produksie@nhk.co.za

Webblad van die  
Hervormde Kerk  
[www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar  
verantwoordelikheid  
vir die inhoud.  
Menings deur  
skrywers uitgespreek,  
is egter nie  
noodwendig die  
beleid of standpunt  
van die Hervormde  
Kerk nie.

## Tranquillitas

**Tranquillitas, -tatis (f): Rus, stilte, kalm weer, gemoedsrus, kalmte. So lui die woerdeboekinskrywing. Tranquillitas is ook iets wat plaasvind in Gemeente Kemp滕 tussen 17:00 en 18:00 elke tweede Woensdag van die maand.**

Dit het so gebeur: Elke maandeinde herinner ek die gemeente per WhatsApp dat hulle tog asseblief moet onthou om hul dankoffers betyds oor te betaal. Toe ons nie eredienste kon hou onder die swaarder Vlak 3-inperkings nie, was die enigste manier eintlik om dit te doen deur 'n elektroniese bankoordrag.

Amanda, 'n lidmaat, kom met 'n blink voorstel. Kan ons nie die laaste Vrydag van die maand vir 'n uur die kerkgebou oopmaak sodat dié wat wil, hul offergawekovertjies kan bring nie? So gesê, so gedaan. Maar die plan kry toe meer lewe. Ons briljante orreliste, Sandra, kry ontrekkingsimptome omdat sy so min die orrel kan bespeel en sy bied aan om vir die uur te kom speel sodat mense ook 'n paar minute net rustig kan sit en luister. Vrydag 29 Januarie maak ons toe so tussen 13:00 en 14:00.

Ek sit die uur daar en luister na die orrelspel, praat hier en daar met 'n lidmaat wat 'n koevertjie bring. Dié wat die tydjie meegebring het, dring aan dat dit nie tot 'n einde kom toe ons weer eredienste kon hou en die lidmate die geleentheid het om Sondae hul dankofferkovertjies te bring nie. So word *Tranquillitas* gebore.

Ons is geseen met 'n paar meesterlike solosangers in die gemeente, en hulle en Sandra span saam om 'n program van orrelspel en sang wat 60 minute duur, saam te stel. Ek sê vir die koster ek sal sommer oop- en toesluit, dan hoef hy nie na werk te jaag om betyds te wees nie. Trou aan my aard, doen ek alles op die laaste nippertjie, maar vyfuur op die kop begin Sandra speel en Hardus sing.

Ek kry my sit en soos die een lied op die ander volg, ervaar ek twee emosies. Eers voel ek hoe ek begin leeg word. Die gejaagdheid om alles reg te kry, die amper permanente knop-op-die-maag-gevoel wat die pandemie veroorsaak, sypel by my uit en ek raak stil, rustig.

Maar dan kom daar 'n ander gevoel: Die klanke van *Die Himmel Röhmen*, die woorde van *Nader, my God, by U* en nog ander verruklike liedere begin my vol maak. Ek voel 'n stuk kalmte in my groei, gemoedsrus vul my.

Eers toe Hardus afsluit met die *Onse Vader*, kom ek agter dat ek vir 'n volle uur doodstil gesit het in een posisie op dieselfde harde kerksbank wat my normaalweg na 15 minute laat rondskuif want ek word lam van die lang sit...


Ons is nie baie mense saam nie, 'n stuk of 12. Maar ek het almal mooi dopgehou. Almal het stil gesit en die musiek ingedrink. Hier en daar het 'n traan oor 'n wang gerol. Party het saamgewieg as 'n ou bekende soos *Wat 'n vriend het ons in Jesus* opklink. Maar toe ons uitstap, het almal, maar almal, se oë bokant die maskers geskitter met nuwe lewe, vars rustigheid. Die tam oë waarmee ons ingestap het, was iets van die verlede.

Snaaks dat 'n leë kerkgebou, gevul net met musikale note, 'n mens so kan aangryp. Daar was nie 'n enkele gesproke of gepredikte woord nie. Ek, vir een, was intens bewus van die teenwoordigheid en die werking van die Heilige Gees.

Dié stukkie *Tranquillitas* het my van voor af laat beleef: *Rus, my siel, jou God is Koning.*

**Ds Etienne Fourie, Kemp滕**

## Lief en leed



Prof Wouter van Wyk

- **Prof WC (Wouter) van Wyk** (emeritus) is Maandagoggend 15 Februarie oorlede, so vier maande na sy vrou, Ierene (84). Hy sou op 23 Februarie 84 jaar oud gewees het. Sy seun, dr Wouter van Wyk, sekretaris van die Kommissie van die AKV, sê hulle is hartseer, maar dankbaar dat hy rustig was en baie goed versorg is in Huis Herfsblaar. Al sy kinders en kleinkinders kon hom die laaste week sien en afskeid neem. Ons innige simpatie gaan aan dr Wouter en hul familie. Die **troosdiens** vind **Vrydag 19 Februarie om 14:00** plaas in **Gemeente Pierneef**, 29ste Laan, Villieria. Weens die pandemie en die inperkings kan ongelukkig slegs familie by die troosdiens geakkommodeer word. Nabye vriende kan met dr Van Wyk persoonlik reëlings tref, by 082 339 2332. Belangstellendes kan die diens lewendig via Facebook volg by [https://www.youtube.com/watch?v=zx4GnFEU\\_AY&feature=youtu.be](https://www.youtube.com/watch?v=zx4GnFEU_AY&feature=youtu.be).

- Op hierdie foto verskyn **prof Wouter van Wyk** saam met sy seun, dr Wouter van Wyk, se peetouers, **ds Kobie Coetzee** (Afrikaanse Presbiteriaanse Kerk, Randburg) en sy vrou, **prof Anna Coetzee**. Ds Kobie is op 25 Januarie 1937 gebore, en prof Wouter op 23 Februarie 1937. Hulle was klasmaats en kamermaats op universiteit. Ds Kobie is na die Geyser-saak saam met prof Van Selms en ander uit die Hervormde Kerk en het toe die Afrikaanse Presbiteriaanse Kerk in Randburg begin. Hy is op Vrydag 12 Februarie vanjaar oorlede, drie dae voor prof Wouter. Prof Anna was professor in Afrikaanse taalkunde aan RAU en ook 'n medewerker aan die nuwe Bybelvertaling in Afrikaans. Ons innige simpatie gaan ook aan haar en hul familie.



Oudi Jan Mans

- **Oudi JM (Jan) Mans** (85), jare lange kassier van Gemeente Vereeniging, is op 30 Januarie vanjaar oorlede weens Covid-19. Hy was 62 jaar lank ononderbroke kerkraadslid. Ons innige simpatie gaan aan sy naasbestaandes en vriende. Sy predikant, ds Bouwer Serfontein, sê oom Jan was nie maar net nog 'n kerkraadslid nie, maar 'n diep gelowige wat sy gemeente en Kerk baie lief gehad het. Hy was ook leier van die Outydse Klanke Boereorkes en 'n briljante konsertinaspeler. *Wanneer die orkes elders as die Vaaldriehoek gespeel het en hulle in die vroeëoggendure tuisgekom het, was hy steeds om 08:30 in die konsistorie op sy pos, in sy kenmerkende swart pak en wit strikdas. Oom Jan Mans se plek in die erediens heel voor in die ouderlingsbank gaan vir altyd leeg wees. Hy gaan beslis baie gemis word deur sy familie, uitgebreide vriendekring, en beslis ook die hele gemeente.*

- **Ds GPJ (Gerhard) Stoltz** (ADV) se vrou, Liezel, is Donderdag 11 Februarie uit die hospitaal ontslaan, maar sy gaan minstens drie weke lank suurstof huis moet ontvang. Sy eie longontsteking is besig om op te klaar, maar nou het hy inflammasie in die borsgewrigte. Dit gaan baie beter met die twee dogters, Anneke en Elmarie, nadat die hele gesin Covid-19 opgedoen het. Ons bid hulle algehele herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Februarie 2021, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (68) (emeritus/Stellenbosch/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (64) (Wonderboom)
  - Vrydag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (64) (Pierneef)
  - Saterdag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Maré (65) (siekte-emeritaat)
  - Sondag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (27) (Malelane)
  - Dinsdag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (60) (siekte-emeritaat) en ds N (Natasha) Smit (27) (Witrivier)
  - Woensdag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (61) (HTK) en ds JH (Jan) Prinsloo (79) (emeritus)
  - Donderdag 25 Februarie: Di H (Hennie) Aucamp (72) (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (33) (Onverwacht)
  - Vrydag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (42) (El-Flora)

## Gemeentes en bediening

'n Bekendstellingswebinaar in die gebruik van Sage One Accounting word op 23 Februarie van 19:00 tot 21:00 deur die Afdeling Interne Oudit aangebied. Dit is 'n gebruikersvriendelike bestuursagtewareprogram wat deur gemeentes gebruik kan word teen 'n bekostigbare tarief. U kan van die volgende skakel gebruik maak om deel te neem:

Join Zoom Meeting

<https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09>

Meeting ID: 942 768 9935

Passcode: SGB

Registreer asseblief by mev Annelie Short [annelie@nhk.co.za](mailto:annelie@nhk.co.za)



Ds Hans Britz

- **Ds JZ (Hans) Britz** van die Kuruman-kombinasie het die beroep na Standerton aanvaar.
- **Gemeente Krugersdorp** se nuwe e-posadres is [nhkkrugersdorp@gmail.com](mailto:nhkkrugersdorp@gmail.com).
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by [george.marais@fineandcountry.com](mailto:george.marais@fineandcountry.com). Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.

## Beplande vergaderings

- Vrydag 19 Februarie: NHSV Hoofbestuur
- Saterdag 20 Februarie: NHSV Hoofbestuur
- Dinsdag 23 Februarie: TOIBO Dagbestuur
- Donderdag 25 Februarie: Pensioenvergaderings
- Vrydag 26 Februarie: Raad van Finansies

## Kerklike publikasies

- Die **Boekwinkel** by die Sinodale Dienssentrum (**Derdepoort**) sal **gesluit** wees vir die week van **1 tot 5 Maart** vir voorraadopname.

## BOEKWINKEL-PROMOSIE

The banner features five books with their new prices and original prices:

- Lewe op die kruis pad (new price R50, was R86)
- protestem (new price R90, was R175)
- Jy is deel van God se plan (new price R40, was R60)
- Jong teoloë praat saam ... oor God, gemeentes en geloof (new price R100, was R150)
- SKOKKEND POSITIEF (new price R160, was R175)

Below the books, there is promotional text:

Groot afslag op verskeie boeke  
Klik [hier](#) vir 'n brosjure om meer te sien  
Bestel van mev Sarie Roux by [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

A small inset image in the bottom left corner shows a hand holding another hand, with the text "Die Christelike Vrou" and "Laat jou lig skyn".

- Die **Januarie/Februarie 2021-uitgawe** van **Die Christelike Vrou** word ingelui met ds Hannelie Botha se redaksionele artikel *Laat jou lig skyn*, opgevolg deur die vooruitskouing van die NHSV vir 2021 uit die pen van Mari-lizé Beukes. Ons groet 'n ware voorslag gee ons 'n kykie in wyle tannie Anna Hanekom se lewe in die Kerk soos gesien deur die oë van haar seun, André Hanekom. Elaine Marais het vir ons 'n heerlike storie, *Check list*, geskryf – 'n oulike kortverhaal! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

## Bybelse Dagboek / Almanak 2021



Bestel by [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

Kry belangrike inligting  
oor die Hervormde Kerk  
én 'n inspirerende Bybelse  
dagboek in een omslag

## Studentesake

- **Studentebehuising by Gemeente Philadelphia.** Veilige behuising is beskikbaar vir studente in 2021 op die terrein van die gemeente in Pretoria. Dit is 200 m van die UP-kampus en binne stapafstand van winkels en ander besighede. Kamers met gemeenskaplike ablusie en kombuis sowel as enkelwoonstelle is beskikbaar. Kontak Elize Fourie by [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com) vir meer inligting.

## 'n Gedig

### Judas

By flou lig steek ek  
met bitter brood wat hy gebreek het  
my hand saam met syne in die skottel.  
Ek luister verveeld as hy praat  
oor wyn en sy bloed;  
sit en dink aan verydelde drome,  
aan 'n plek langs 'n koning  
by 'n feesmaal,  
aan beheer oor geldsake.

Nou is dit 'n karige ete;  
kry ek vir jare  
se stap deur stofpaaie,  
vir maande se skamele leeftog  
dertig dae se dagloon,  
dertig stukkies silwer.

God weet, hy moet maar met sy lewe betaal.

**(Prof) Andries Breytenbach  
Emeritus**

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- to 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Barmhartigheid

- **Vakature: Permanente huisouers vir ses seuns Huis Prinsloo, Rustenburg**  
Personne tussen die ouderdomme van 30 en 55  
(Verkieslik getroude egpaar)  
Kandidate moet keurings- en psigometriese prosesse deurloop  
Moet SAPD-klaringsertifikaat toon  
Kontak: Otto Viljoen 079 495 2007 / 060 968 4907 / [kinderhuise@nhk.co.za](mailto:kinderhuise@nhk.co.za)  
Suzanne van Deventer 066 477 8904 / [suzanne@rata.org.za](mailto:suzanne@rata.org.za)  
Tertia Vos 082 781 6966 / [tvos@vodamail.co.za](mailto:tvos@vodamail.co.za)
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingsskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee tweeslaapkamer-woonregeenhede beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingsskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasilititeit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Brodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Toerusting

- Lees gerus **prof Johann Beukes** se lesersindruk van *Dante se mistieke reis. Tweede tog: Purgatorio*, ingeleei, vertaal, toegelig en vertolk deur JS (Kobus) Krüger, uitgewer AOSIS (2020), [hier](#) (LitNet-nuusbrief 836, 10/02/2021).

## Allegaartjie

"Dit is hoekom dit moedertaal genoem word: Jou identiteit spreek uit die woorde wat jy geken het lank voordat jy jouself geken het." (Hans du Plessis, Maroela Media 10 Februarie 2021. 21 Februarie is Wêreld-Moedertaaldag)

## Basaars

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Saterdag 6 Maart vanaf 07:30**  
Al die heerlike eetgoed van 'n basaar  
Ons is bekend vir ons wors en vleis  
hv Charl Cilliers en Krugerstraat  
Navrae: [nhbhs@nhk.co.za](mailto:nhbhs@nhk.co.za)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjakrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

## Gebed vir die week

O God van liefde, gee asseblief vir ons liefde:  
liefde in ons gedagtes, liefde in ons woorde  
en liefde in ons dade,  
liefde in die skuilhoeke van ons siel;  
liefde vir ons naaste, naby en ver;  
liefde vir ons vriende, oud en nuut;  
liefde vir dié wat ons sukkel om te verdra,  
en liefde vir dié wat sukkel om ons te verdra;  
liefde vir almal saam met wie ons werk,  
en liefde vir almal saam met wie ons ontspan;  
liefde in vreugde, liefde in hartseer;  
liefde in lewe, en liefde in die dood;  
sodat ons uiteindelik saam met U mag wandel  
wat ewige liefde is.  
Amen.

**William Temple**

(Uit: *Gebede vir elke geleentheid*,  
Ellen Banks Elwell,  
vertaal deur Gerda-Mari Zietsman,  
CUM 2019)